



## Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap  
Johannes Nortier

Nuusbrief Donderdag 20 Augustus 2020

### Gedagte van die week:

God se teenwoordigheid waar ons spartel in die vloed is beter as sonder Hom in 'n veilige veerboot.  
(Charles Spurgeon; 1834-1892)

Ek het geleer om 'n verhouding te hê met die Een wat die antwoorde ken is beter as die antwoorde self.  
(Elizabeth Elliot)

### Vertrekpunt:

Psalm 124

### Meditasie uit die teks:

As jy die Psalms haastig lees is jy besig met 'n futiele oefening. Jy sal na die tyd op die meeste kan sê dat jy uit Die Bybel gelees het. Psalm 124 is 'n pragtige voorbeeld van 'n Psalm wat vir jou niksbeduidend sal wees as jy nie moeite doen om agter en onder die teks in te kom nie. Psalm 124 is gebore uit 'n gemeenskap wat in voortdurende fisiese stryd was met ander gemeenskappe. Hulle was konstant in 'n staat van bloedige en lewensbedreigende oorlog waarin hulle **teén** ander mense geleef het. Psalm 124 is dus hulle getuigenis van hoe God hulle gehelp het in die stryd teen ander. Ek en jy is heel moontlik nie in só 'n stryd betrokke nie. Ons sukkel meer met hoe om **saam** met ander mense te leef. Ons het God se wyse hulp nodig om 'n goeie en waardige medemens te wees. As ons dus die Psalm moet oorskryf in 2020 sal ons eerder wil getuig van waar en hoe God ons gehelp het om saam met ander mense te leef, hoe God ons gehelp het om kop te hou en rein en vry te bly te midde van mense wat dit nie altyd goed bedoel met ons nie. God help my in 2020 nie met manna en kwartels en rotswater en mure wat omval nie, maar Hy help my deur die fluisteringe van die Gees wat my waarsku en veilig maak in oomblikke en op plekke en saam met mense (vyande?) wat dalk gevaarlik kan wees.

### Youtubeskakel:

Hier is jou skakel na Sondag 23 Augustus 2020 se reisgesprek. Jy is welkom.

[https://youtu.be/u34\\_ufU3twM](https://youtu.be/u34_ufU3twM)

### Meditasie uit die lewe:

Mense soek eenvoudige boodskappies wat helder en duidelik is. Ek kan dit verstaan, maar wat ek ongelukkig agter dit hoor is, "ons wil nie vir onself dink nie". Anders gestel, "ons soek nie die resep nie, ons soek die kos". Nog anders gestel, "ons soek nie die vraestel nie, gee vir ons die memorandum". Nog anders gestel, "gee vir ons die reëls, nie die beginsel nie". Dit laat my ook dink aan die mense wat vis soek, maar nie 'n visstok nie. 'n Mens kan op meer as een manier lui wees en van "hand-outs" lewe. Maar dan is daar die ander wat die moeiliker, beter en duursamer weg kies. Na een meditasiegeleentheid ontvang ek die volgende geskrif van iemand wat deelgeneem het, goed geluister het en nie net weggestap het nie, maar mooi gaan dink het en vir haarself 'n eie greep gekry het op haar geloof. Dit was na aanleiding van ons meditasie oor Psalm 124. Hier volg haar brief:

"Jou vraag gisteraand was of ons glo dat God help. Ek dink baie keer sommige mense vertroebel hulle verhouding met God omdat hulle onseker is oor Sy rol. Ek dink ons het tot 'n groot mate 'n "vrye wil" anders sou ons nie vryelik vir God kon kies nie. Maar "vrye wil" omvat alle "human endeavours", en alle foute wat ons maak, of foute wat gebeur, soos bv dat 'n vakansiehuis in die nag afbrand met ontstellende gevolge. Wetenskaplik gebeur daar iets, 'n brand ontstaan en die natuurlike gevolg is lewensverlies. Op aarde is daar oorsaak en gevolg. God se rol is nie om ons vure dood te slaan nie; nie figuurlike vure of letterlike vure nie. God se rol is om die wreedheid van wat met ons hier gebeur, te

versag met sy troos, sy teenwoordigheid, sy liefde. Sy rol is om mense te stuur wat sal “troos met die troos” wat hulle van Hom ontvang het. Sy rol is om heel te maak wat “sonde” ( en daardie woord se betekenis stop nie by oortredings nie) hier kom breek het. En soos ons al voorheen met “ten goede laat meewerk” se gesprek vir mekaar gesê het, ons gaan in baie gevalle nooit eers die “goede” beleef nie, maar ons gaan die Een wat ons troos, vertrou dat dit so sal wees. So ja, ek glo God help. Dis nie noodwendig altyd die hulp wat ek met my beperkte insig verwag nie, maar Sy genade is mos genoeg. En ek skryf hierdie met die seker wete dat ek eintlik niks weet nie, maar dit help my om so te redeneer. En dit help my in gesprekke oor Calvin (ek dink dis Calvin). Mense praat nog van “God se toelaatbare wil “ wanneer rampe tref. Dis twak.”

Baie dankie aan hierdie lidmaat. Sy gee my hoop. Die wêreld dra swaar aan die gevolge van ‘n samelewing wat nie wil dink nie. Die kerk ook.

### **Lees hier!!! Weeklikse groepmeditasie en belewingsnagmaal**

Ons hou Woensdagoggend 26 Augustus 2020 om 09:00 meditasie in die sitkamer en daarna hou ons in die kerkgebou ‘n **belewingsnagmaal** waaraan jy kan deelneem enige tyd tussen 10:00 en 11:00. Woensdagaand om 17:30 tot 18:30 hou ons dieselfde **belewingsnagmaal** wat jy kan bywoon enige tyd in daardie uur en daarna om 18:30 hou ons meditasie in die sitkamer. Die nagmaal is ‘n geleentheid waar jy self sal besluit hoe lank jy daaraan deelneem – jy kan die hele 60 minute daar wees of jy kan 15 minute daar wees. As jy gesond is mag jy bywoon en ons kom al die protokol na by die byeenkomste. Baie welkom!

### **Uitnodiging van die leraars**

Jy mag maar skryf en bel en sms en whatsapp. Ons wil graag deelneem aan jou lewe. Bel en nooi ons uit. Kom kuier in ons spreekkamers. Jy is ook welkom om enige getuienis, gewaarwording, gedig, lied en storie met ons te deel. Ons sal dit graag met jou toestemming insluit by die nuusbrieff.

**As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net ‘n epos wat lui “kanselleer nuusbrieff” na [ngkagterpaarl@telkomsa.net](mailto:ngkagterpaarl@telkomsa.net) of [jjn1@telkomsa.net](mailto:jjn1@telkomsa.net)**